

p.a Alandale 25
Walmer Downs
Port Elizabeth 6070
7 Desember 2007

Die Voorsitter
NGK Kraggakamma
Gazanialaan 2
Sunridgepark

Geagte Heer

Sinodale besluit insake kerkhereniging

In Kerkbode van 23.11.07 word berig dat die streeksinode van Oos-Kaapland besluit het om gemeentes en ringe aan te moedig “om die versoening en hoop in die NG Kerkfamilie sigbaar te maak deur sover as moontlik met die ringe en gemeentes van die VGK, RCA en NGKA te verenig.”

Die tien ondergetekende lidmate van die NG gemeente Kraggakamma maak beswaar teen hierdie besluit en aanbeveling en wel op die volgende gronde:

In die algemene sekretaris van die NG Kerk se skrywe van 20 Julie 2007, asook in die *Proses van konsultasie met gemeentes* van die algemene sinode, word soos volg gerapporteer:

“Die doel van hierdie eerste rondte gesprekke in die gemeentes van al vier die kerke is nie dat besluite geneem word nie. Dit gebeur eers later.”

“Wanneer daar genoegsame konsensus gevind is, sal verdere voorstelle weer aan kerkrade en gemeentes voorgelê word vir hulle goedkeuring. Eers dan kan die eerste fase van die totstandkoming van ’n nuwe kerkverband plaasvind.”

“Daar word in hierdie rondte nie besluite geneem nie. Dit gebeur in ’n volgende rondte nadat die resultate van die konsultasie verwerk is en weer met die vennote bespreek en onderhandel is, en daar genoegsame konsensus bereik is. Indien moontlik sal dit in die tweede helfte van 2008 gebeur. Besluitneming geskied volgens die bestaande besluite van die NG Kerk soos weergegee in die betrokke Artikels van die Kerkorde en die ter sake Reglemente.”

“Indien daar steeds wesenlike verskille oor bepaalde kernsake is, sal gemeentes weer daarvoor gekonsulteer word.” (Die belangrikste van hierdie kernsake is bepaald die aanvaarding al dan nie van die Belydenis van Belhar.)

“RAADPLEGING VAN GEMEENTES

Hoewel die Algemene Sinode en sy kommissies ’n taak het om leiding te neem, onderhandelings te voer en voorstelle te maak ten opsigte van hierdie proses, bevestig ons weereens dat ons verbind is om ons gemeentes te raadpleeg en te toets sodat ons saam hierdie pad kan loop. Ons is oortuig dat ons kerkskeuring ten alle koste moet probeer vermy. Dit gaan waarskynlik vra vir ’n proses waarin ons vorentoe beweeg maar heeltyd sensitief is en ruimte maak vir mense met huiwering en vrae.”

“Die toetsing van kerkrade en sinodes oor ‘finale’ of eindvoorstelle vir die herstel van hierdie verband word gelaat totdat ’n behoorlike proses van konsultasie en saampraat met sinodes en gemeentes na die oordeel van die Algemene Sinode of die ASK plaasgevind het.”

“Hoe gaan die proses loop? Gaan gemeentes geraadpleeg word?

In die NG Kerk het ons onself verbind aan ’n proses van raadpleging van ons gemeentes. In 2002 is besluit dat twee-derdes van ons kerkrade met ’n twee-derde meerderheid die terme van eenwording moet goedkeur voordat hereniging kan plaasvind. Die onderneming sal beslis gestand gedoen word. Van die NG Kerk se kant dink ons tans aan twee rondtes van gesprekke met gemeentes. In die eerste rondte sal gemeentes ingelig word oor hoe ons die breë model en terme van hereniging sien en sal gemeentes (lidmate!) gevra word om hulle eie kommentaar en insette te gee – dit is waarmee ons nou besig is! As die kommentaar verwerk is en die vier kerke afgespreek het op ’n ooreenkoms wat ons meen wyd aanvaarbaar is, sal ’n kerkorde vir die nuwe kerk voorberei word.

Daar sal dan ’n tweede rondte van gesprekke wees waartydens kerkrade en gemeentes ’n besluit oor die terme van hereniging en die beginsels van die nuwe kerkorde moet neem. Vir elke rondte van die raadpleging van gemeentes sal genoeg tyd gegee word. Die doel van die proses is immers om in te sluit en nie uit te sluit nie. In so ’n proses sal ’n mens graag groot moeite wil doen om seker te maak dat alle gemeentes uiteindelik deel word van en tuis voel in die nuwe kerk. Die nodige regsadvies sal oor ter sake aspekte ingewin word.”

Die eerste rondte konsultasie met gemeentes is gedurende Oktober/November afgehandel en die resultate daarvan is nog nie aan gemeentes deurgegee nie. Eers nadat die vier kerke ’n wyd aanvaarbare ooreenkoms bereik het, sal ’n tweede rondte gesprekke met kerkrade en gemeentes gevoer word. Dit sal waarskynlik eers laat in 2008 kan geskied.

Dit blyk uit voorafgaande dat die streeksinode van Oos-Kaapland se aanbeveling dat ringe en kerkrade nou reeds kan verenig, teenstrydig is met die besluite van die Algemene Sinode. Dit is ook ’n ope vraag of dit nie teenstrydig is met die bepalings van die Kerkorde nie.

Dit val op dat in die dokument *Konsultasie oor Kerkhereniging* herhaaldelik na Bybelse opdragte tot vereniging verwys word en dat Joh. 17 en Efes. 4 o.a. gemeld word. Menige teoloë het hulle reeds teen hierdie dwaling uitgespreek. Kyk na paragraaf 3 van dr. Mauritz Vorster se studiestuk *Konsultasie oor Kerkhereniging* (Bylae 1) en die laaste paragraawe van dr. Hennie Conradie se artikel *Die Belydenis van Belhar – ’n Herbesinning*. (Bylae 2.)

Ten slotte, wat gebeur met die ringe en kerkrade wat vroegtydig verenig het, as hereniging op die ou einde, weens gebrek aan konsensus, nie deurgevoer kan word nie?

Die ondergetekendes versoek die kerkraad om hierdie beswaarskrif na die ring van Algoa te verwys vir die uiteindelijke aandag van die Sinode van Oos-Kaapland.

1. F.J.Schnetler (ouderling)
2. J.L.Venter (afgetrede prokureur en voormalige saakgelastigde, NGK)
3. J.J.Engelbrecht (voormalige Kommissaris-generaal, Ciskei)

4. J.T.Kritzinger (voormalige skoolhoof)
5. C.Lessing (dienswerker, NGK Kraggakamma)
6. L.Steenkamp, Joystraat 26, Mangold Park
7. C.G.Schmidt (Ouderling)
8. I.P.Scheepers (Ouderling en voormalige hoof, Merryvale Spesiale Skool)
9. D.Knoetze (Oud-skoolhoof)
10. M.H.Vorster (afgetrede direkteur, CM-Rade, Oos-Kaapland)

Bylae 1. Konsultasie oor Kerkhereniging. Dr. Mauritz H. Vorster

Bylae 2. Die Belydenis van Belhar – 'n Herbesinning. Dr. Hennie Conradie.